

Woensdag 25 April

Skrifgedeelte: 2 Tessalonisense 2:1-12

Fokusgedeelte: 2 Tessalonisense 2:1, 2

Bly kalm!

As die lidmate van die gemeente in Tessalonika hoor van die Dag van die Here ...! Dink jou dit in: Hier word deur mense vertel dat die wederkoms van Jesus eintlik al in die gees plaasgevind het.

Die onderrig uit die Ou Testament leer dat die Dag van die Here iets van 'n katastrofiese ingryping deur God is (Joël 1:15). 'n Dag van God se wraak (Obadja 1:15), toorn (Klaagl. 2:2), 'n dag wat soos 'n oond sal brand (Sef. 3:8; Mal. 4:1). Op dié dag sal bitterheid beleef en van pyn en vrees geskreeu word (Sef. 1:10, 14). Mense sal van vrees en verskrikking bewee (Sef. 1:18).

Hoe het ons dit nou hier in Tessalonika? Is ons swaarkry, ons lyding (1 Tess. 2:14) en vervolging (1 Tess. 3:3) dan nie bewys van hierdie dag wat al gekom het nie?

In Tessalonika is gelowiges op hol gejaag deur die een wat met 'n profetiese uitspraak kom, 'n ander met 'n woord of boodskap en nog een met 'n brief met die aanspraak dat dit van die apostels afkomstig is. Wat moet jy nou glo en wie moet jy glo? Onsekerheid bring verwarring en maak mense gespanne.

Deur Paulus sê die Heilige Gees: "... broers ..." (ook in 1:3). Medegelowiges, julle wat aan God ons Vader en die Here Jesus Christus behoort (1:1). Moenie op hol gaan oor die wederkoms van Jesus Christus nie. Moenie verward raak of bang word nie, maar bly kalm.

"Wat betref die wederkoms van ons Here Jesus Christus en ons hereniging met Hom" ... hier is jou toekoms! Ons word met Jesus verenig in 'n ewige feesdiens.

Daarom, kom saam in diens aan God. Werk in die geloof, sweet in die liefde en ... byt vas in die verwagting: die wederkoms van Jesus beteken saam met Hom in 'n groot fees-telike erediens. Nou leef die geloof, liefde en hoop te midde van swaarkry, lyding en vervolging, maar Jesus sal op die regte tyd verskyn om sy kinders te verlos en met Hom te verenig.

Sing: Skrifberyming 18-7:1, 8

Ds. CA (Carel) Jansen (Secunda)